Pretoria- 23 Junie 2013

Skriflesing: Jesaja 62 en 1 Korintiërs 11:17-34
Kategismus: **Sondag 28**
Teks: Jesaja 62:5 en 1 Korintiërs 11: 23-26
Sing: Ps. 25:2,7; Ps.102:4; Ps. 119:48; Ps. 89:2

Jesaja 62

Isa 62:1 Ter wille van Sion sal Ek nie swyg nie en ter wille van Jerusalem nie stil wees nie, totdat sy geregtigheid uitbreek soos 'n glans en sy heil soos 'n fakkel wat brand.
Isa 62:2 En die nasies sal jou geregtigheid sien en al die konings jou heerlikheid; en jy sal met 'n nuwe naam genoem word wat die mond van die HERE sal noem.
Isa 62:3 En jy sal 'n sierlike kroon wees in die hand van die HERE en 'n koninklike tulband in die hand van jou God.
Isa 62:4 Jy sal nie meer genoem word Verlatene nie, en jou land sal nie meer genoem word Wildernis nie. Maar jy sal genoem word: my welbehae, en jou land: die getroude; want die Here het 'n behae in jou, en jou land sal getroud wees.
Isa 62:5 Want soos 'n jonkman 'n jongedogter trou, so sal jou kinders jou trou; en soos die bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees.
Isa 62:6 o Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. o Julle wat die HERE herinner aan sy beloftes—moenie rus nie
Isa 62:7 en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot 'n lof op aarde!
Isa 62:8 Die HERE het gesweer by sy regterhand en by sy magtige arm: Waarlik, Ek sal jou koring nie meer gee dat jou vyande dit eet nie, en uitlanders sal jou mos nie drink waarvoor jy gewerk het nie.
Isa 62:9 Maar hulle wat dit insamel, sal dit eet en die HERE prys; en hulle wat dit oes, sal dit drink in my heilige voorhowe.
Isa 62:10 Gaan in, gaan in deur die poorte, berei die weg van die volk! Vul op, vul op die grootpad, gooi die klippe weg, steek 'n banier op oor die volke!
Isa 62:11 Kyk, die HERE laat dit hoor tot by die einde van die aarde: Sê aan die dogter van Sion: Kyk, jou heil kom; kyk, sy loon is by Hom en sy beloning is voor sy aangesig.
Isa 62:12 En hulle sal genoem word: die heilige volk, die verlostes van die HERE; en jy sal genoem word: die begeerde, die stad wat nie verlaat is nie.

1 Korintiërs 11:17-34

1Co 11:17 Maar terwyl ek dit beveel, kan ek dit nie prys nie dat julle saamkom, nie ten goede nie maar ten kwade.
1Co 11:18 Want in die eerste plek hoor ek dat, as julle saamkom in die gemeente, daar skeuringe onder julle is, en gedeeltelik glo ek dit.
1Co 11:19 Want daar moet ook partyskappe onder julle wees, sodat die beproefdes onder julle openbaar kan word.
1Co 11:20 As julle dus saamkom, dan wil dit nie sê dat julle die nagmaal van die Here eet nie.
1Co 11:21 Want as julle eet, gebruik elkeen eers sy eie ete; en die een het honger en die ander is dronk.
1Co 11:22 Het julle dan geen huise om in te eet en te drink nie? Of verag julle die gemeente van God, en maak julle dié beskaamd wat nie het nie? Wat sal ek vir julle sê? Sal ek julle prys? Hierin prys ek julle nie.
1Co 11:23 Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het;
1Co 11:24 en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.
1Co 11:25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.
1Co 11:26 Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.
1Co 11:27 Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.

1Co 11:28 Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.
1Co 11:29 Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.
1Co 11:30 Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.
1Co 11:31 Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie.
1Co 11:32 Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.
1Co 11:33 Daarom, my broeders, as julle saamkom om te eet, wag vir mekaar;
1Co 11:34 en as iemand honger het, laat hom by die huis eet, sodat julle nie tot 'n oordeel saamkom nie. Die ander sake sal ek reël wanneer ek kom.

Sondag 28

75* Vraag*: Hoe word jy in die heilige nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy aan die enige offerande van Christus aan die kruis en aan al sy weldade deel het?
Antwoord: Christus het my en alle gelowiges beveel om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie beker te drink. Daarby het Hy beloof (a), Ten eerste, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek, en sy bloed vir my gestort is, as wat ek met my oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die beker aan my gegee word. Ten tweede, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed net so seker vir die ewige lewe voed en verkwik as wat ek die brood en die beker van die Here, as ontwyfelbare tekens van Christus se liggaam en bloed, uit die hand van die bedienaar ontvang en met die mond geniet.
(a) Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19, 20; 1 Kor 10:16, 17; 11:23-25; 12:13.

76* Vraag*: Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink?
Antwoord: Dit beteken nie slegs om met 'n gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie (a). Dit beteken boonop om deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word (b), dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is (c); al is Christus nou in die hemel (d) en ons op die aarde. Dit wil se dat ons deur een Gees - soos die ledemate van die liggaam deur een siel - ewig lewe en geregeer word (e).
(a) Joh 6:35, 40, 47, 48, 50, 51, 53, 54. (b) Joh 6:55, 56. (c) Ef 5:29, 30; 3:16; 1 Kor 6:15; 1 Joh 3:24; 4:13. (d) Kol 3:1; Hand 3:21; 1 Kor 11:26. (e) Joh 6:57; 15:1-6; Ef4:l5, l6.

77* Vraag*: Waar het Christus beloof dat Hy die gelowiges so seker met sy liggaam en bloed sal voed en verkwik as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en uit hierdie beker drink?
Antwoord: By die instelling van die nagmaal wat soos volg lui (a): "*In die nag waarin Hy verraai is, het die Here Jesus brood geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: `Neem, eet, dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle van hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom*" (1 Kor 11:23-26). Hierdie belofte word ook herhaal deur Paulus waar hy sê: "*Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood*" (1 Kor 10:16, 17).
(a) Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19, 20.

Skriflesing: Jesaja 62 en 1 Korintiërs 11:17-34
Kategismus: **Sondag 28**
Teks: Jesaja 62:5 en 1 Korintiërs 11: 23-26
Sing: Ps. 25:2,7; Ps.102:4; Ps. 119:48; Ps. 89:2
Geliefdes in ons Here Jesus Christus- In die belydenis oor ons doop het die verbond uitgestaan. God se genadeverbond soos wat God die verbond met die besnydenis ingestel het en nou nog in die doop bestaan. Die Nagmaal het met dieselfde verbond van die Here te make, want die Nagmaal is net soos die doop 'n sakrament. 'n Sakrament wat in albei sy vorme, doop en nagmaal, 'n teken en 'n seël is van die Here se genadeverbond. Die doop in

die plek van die besnydenis en so sluit ons by die verbond aan. Die Nagmaal in die plek van die Pasga en so sluit ons weer by dieselfde verbond van die Here aan. Die doop, die sakrament van die inlywing in die Here se verbond. Die nagmaal, die sakrament van die inblywing in die Here se verbond. Daarom lê die aksent by die doop op wedergeboorte en by Nagmaal lê die aksent op bekering.

Ons het nou reeds gesien die Nagmaal is ’n verbondsteken, maar dit is ook ’n herinnerings ete. Dit is ook ’n toekoms ete. ’n Verbonds ete, ’n herinnerings ete, ’n toekoms ete is die drie sake waarna ons moet oplet. Die verbond vorm deel van die instelling van die Nagmaal. Die Nagmaal as ’n herinnering gee vir ons die betekenis van die Nagmaal. En waar dit oor die toekoms handel, dan kom ons by God se bevel en belofte uit.

Eerste dan die verbond gee die instelling van die Nagmaal.

In sy bevel dat ons die Nagmaal moet vier sê Jesus dan ook in Mattheus 26:28 dat die Nagmaal met die wyn is die bloed... *die bloed van die nuwe Testament is, wat vir baie uitgestort is tot vergifnis van sondes.* Die verbond is mos niks anders as God se testament met ons, die Here se kerk nie. As die Here die Nagmaal ’n testament noem, dan verbind die Here mos Self die nagmaal aan sy verbond. Die verbond is God se testament met sy kerk. Daarom het alleen die ware kerk die testament tekens, die verbondseëls soos wat die Here dit met die doop en die Nagmaal gegee het. In hierdie tekens lê daar ook soveel goddelike wysheid. Die teken van die water het ons nou reeds by die doop afgehandel. By die Nagmaal sien ons die Here se verbond moet as’t ware geëet word. Watter noue verband is daar tussen die Here se verbond en die Here se ete. Geen wonder dat Esegiël in hoofstuk 2 en Johannes in Openbaring 10 die Here se Woord moes eet nie, want die Woord is die Here se verbond. So word die tekens van brood en wyn dan ook geëet.

Daar is ’n heilige geladenheid as Jesus die Nagmaal instel. Jesus, ons Verbondshoof, wat die eeue in Hom saamtrek, maar Jesus wat ook al die skaduwees in die Ou Testament, die altaar, die lammers, die offers, al die seremonies voor Hom ’n werklikheid maak. Die skaduwees is nou werklikheid en so oud soos wat die wêreld is, so lank bestaan die Here se verbond, al die eeue kry nou in Jesus hulle saamtrekpunt. By die eerste geleentheid is daar dan eintlik twee etes wat plaasvind, Pasga en Nagmaal. Selfs die Paaslam het ook op die tafel gelê. Die laaste lam moes sy doodskreet blêr. Die Pasga eindig in Christus, so ook die Paaslam, die einde van al die bloed wat nodig was, die Nagmaal begin in Christus, Hy is God se Lam, na Hom sal daar nie weer bloed nodig wees nie.

Die Pasga ete wat bestaan het uit ’n Paaslam, brood, bitter kruie en wyn. Jesus neem die brood en nie die lam nie en die wyn word ook in die plek van die bitter kruie geneem. Die Nagmaal is dan met brood en wyn ingestel. So is dit ook aan Paulus oorgelewer as hy in Korintiërs daarvan praat, om dit weer aan ons oor te lewer (v.23). Die brood en wyn is die tekens wat ons sien. In die eerste deel van ons belydenis lê die klem dan daarop wat ek met my oë sien. Die sien is God se aanskoue, dit wat God ons meedeel. Moses sien die brandende doringbos, dan word hy bewus van God se teenwoordigheid. Die herders by Christus se geboorte sien die engele en dan gaan hulle. Die dissipels het die doeke in die graf gesien en toe het hulle geglo dat Jesus opgestaan het. Ek sien die tekens van brood en wyn en dan begin die geloof werk. Die geloof wat ek voor die Here al moes bely het.

Sonder geloof is Nagmaal nie denkbaar nie. Sonder geloof is nagmaal juis negatief in sy waarde. Dit is vir my dan tot ’n oordeel juis op grond van ons belydenis. Psalm 80:6 se brood... brood van smarte kry dan ’n ietwat ander betekenis – *U het hulle tranebrood laat eet, hulle oorvloedige trane laat drink.* Na die sien wat God se meedeling is, kom die geniet. Aan die einde van die eerste vraag van ons belydenis kom die gedagte dan ook duidelik uit. Die <u>met die oë sien</u> word in ons belydenis gevolg met, wanneer ons dit met die <u>mond geniet</u>. Die meedeling word ’n toeëiening. Ons word Christus se deel want Christus is ons deel. Christus in ons ons in Christus, u kan maar self vergelyk hoe baie keer Paulus só hierna kyk. In die tweede plek maak die Here dit ook deur Paulus vir ons bekend –

<u>Die herinnerings maaltyd gee vir ons die betekenis van Nagmaal.</u>

By die Nagmaal as ’n herinnering ete moet ons die tekens van brood en wyn ’n bietjie nader trek terwyl ons vashou aan ons belydenis om Christus alleen in die middelpunt te stel. In die gedeelte wat ons uit 1 Korintiërs gelees het staan daar twee keer dat ons dit tot Christus se gedagtenis moet doen….*Doen dit tot My gedagtenis* (vv.24,25.)

Christus staan absoluut in die sentrum en só is ook ons belydenis saamgestel. Dit gaan om Christus se gedagtenis, om sy liggaam, om sy bloed. Dit gaan om die duisende dode wat Christus moes sterf, want aan God se reg moes voldoen word. Christus is gebreek, keer op keer, soos wat die brood keer op keer gebreek word om brood te wees. Die koringkorrel wat in die grond val wat in homself moet sterf, om op te kom en te kom tot die brood. Christus is gebreek dat Hy die liggaamlike dood, die geestelike dood, die ewige dood vir ons moes deurgaan.

Die brood word keer op keer gebreek om brood te wees, elke keer ’n breek proses. Die koringkorrel word van die grond gebreek, die korrel word van die gerf gebreek, die korrel word in homself gebreek. Eers die koring wat van die land afgehaal word, dan die korrels wat van die gerf gestroop moet word, dan die korrels wat self fyngemaal moet word. Dan moet die meel brood word, ’n bak-proses, wat ook maar weer ’n breking is. Dan kom die brood op die Here se tafel, en ons vat dieselfde brood in ons hande en ons breek dit nog ’n keer, die bedienaar breek dit en ons tande kou dit fyn. Christus is op aarde aanhoudend gebreek, totdat Hy vir die laaste keer gebreek moes word.

Soos die koring van die grond afgehaal moet word, so moes Christus van sy Hemelse Vader verwyder word, Christus moes mens word. Die koringkorrels moet ook van die gerf gestroop word. Christus moes ook van sy eie mense verwyder word. Sy eie mense het in ongeloof van Hom aanstoot geneem. Die korrels self word fyngemaal. Christus word in Homself gebreek, Hy moes van Homself verwyder raak. Hoor u Hom sê – *Vader in u hande gee ek my gees oor.* Die Gees is sekerlik tog die Heilige Gees, Hy wat God is, want God is Gees. Soos die brood gestroop, sonder Vader, sonder mens, sonder Homself was Christus alleen tot die einde toe gebreek. Verstaan u nou waarom die Nagmaal juis met brood ingestel is.

***

Die wyn ken bykans dieselfde breek-prosesse. Die ander teken by die Nagmaal is dan ook die wyn. Die druiwekorrel word gebreek en gebreek en gebreek, getrap, gepars, gegis. Die korrels word afgebreek, dit word gepars en dan word die korrels uitgegooi. Op die tafel word die wyn ook uitgegooi. Verstaan u dat elke daad, elke handeling, aan die Here se tafel het simboliek. By die Nagmaal gebeur daar niks wat nie betekenis het nie! Die tafel, die beker, die brood, die wyn, alles moet daar wees, want God praat daardeur. Ons belydenis hou daaraan vas, juis omdat God so gemaak het. Elke keer word ons daaraan herinner hoe Christus gebreek is, ons dink aan Christus se lyde, want Christus beveel ons dan ook met die eenvoudige opdrag….*Doen dit tot my gedagtenis…* Hoor u die gebiedende karakter.

***

Hier gaan dit om ’n daad van eenvoudige gehoorsaamheid. Ons sien die Nagmaal van hoe God dit ingestel het, vanuit sy Woord wat in ons belydenis vaslê, In die Woord wat God se opdrag is staan dit tog duidelik – *Doen dit!,* doen dit só en dié doen, is verbind aan Christus alleen. *Doen dit tot my gedagtenis.* Daarin lê die Nagmaal se ware betekenis, soos ons

belydenis dit verwoord, waarin alleen die Woord vergestalt lê. Dan is die Nagmaal as verbondsmaal en herinneringsmaal, óók vir ons ’n toekomsmaal.
In die laaste plek dan –

Die Nagmaal as toekomsmaal lê in God se bevel en belofte:

Ons het reeds verwys op die wonderlike eenwording wat daar in Christus deur die Nagmaal kan bestaan. Die Christus-in-ons en ons- in - Christus. Christus word ons deel, want ons is sy deel. Nou is ons by die wonder van die kerk. Die kerk wat liggaam is, maar die kerk is Christus se liggaam, want Christus is die Hoof van die liggaam. Die liggaam in die Hoof, die Hoof in die liggaam, m.a.w. ons in Christus, Christus in ons. Begin u die wonderlike en die wonder van ons kerk-wees begryp, want alleen die kerk kan Nagmaal vier. Luister hoe stel ons belydenis dit!.....**om deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word dat ons** (en dis belangrik!) **vlees van sy vlees en been van sy gebeente is, al is Christus nou in die hemel en ons op die aarde. Dit wil sê dat ons deur een Gees – soos die ledemate van die liggaam deur een siel – ewig lewe en geregeer word.**

Hierdie woorde van ons belydenis is ook die taal van die huwelik. Die huwelik is mos die instelling van God waar twee mense se vlees en gebeente kan een-word…..**vlees van sy vlees, been van sy gebeente.** Twee word een. Dit bring ons daarby uit dat die Nagmaal wat ’n toekomsmaal is ook heenwys na ’n huweliksmaal. Die Here het dit al in Jesaja se tyd belowe – *Want soos ’n jonkman ’n jongedogter trou, so sal jou kinders jou trou; en soos die bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees.*

***

Treffend, maar ook op geheimsinnige wyse word die huwelik tussen Christus en sy kerk juis deur die Nagmaal vergestalt. Alle groeperinge wat kerk wil wees, kan mos nie sommer as kerk erken word nie. Die keuse lê tog by die bruidegom, nie by ons sy bruid nie. Kan almal nou maar aanspraak maak om bruid van die een bruidegom te wees? Die kerk is nie maar net ’n byeenkoms van mense, waar mense se gedagtes en oortuigings saamgegooi en ooreenkom en geglo moet word nie.

In die kerk is daar ‘’n huwelik wat met God moet plaasvind, dan kan ons eers kerk wees. In Efesiërs 5:31-32 word die huwelik dan ook direk in verband met die Here se kerk gebring. Hoor wat sê die Here hier deur Paulus – *Daarom moet die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word.* Dan staan daar….*Hierdie verborgenheid is*

*groot, maar ek sê dit met die oog op <u>Christus en die gemeente…..</u>*Besef u die tot stand kom van ons belydenis is die tot stand kom van ons huwelik met God op grond van sy Woord alleen. Die belydenis is ons huwelik, maar die huwelik van elke kerk moet eers aan die Skrif getoets word, daar moet ’n volledige belydenis wees, ’n huwelikskontrak wees, ’n huweliksverbond wees, dan eers kom ons by die toets van Skrif en belydenis.

Die belydenis soos ons dit hier voor ons het, is ons as kerk se huwelik, ons kontrak, ons verbond met God. Bruid en bruidegom moet tog kan saamwerk, daarom moet die Woord en die kerk tegelyk daar wees. Woord en belydenis moet saam bestaan, lees hulle saam, want God wil so sy huwelik verryk. Die toets is die toets wat God aanlê. Die wonderlike van God se bevele is dat geen bevel van God sonder ’n belofte bestaan nie.

Die toekoms gaan oor nog meer, want die Nagmaal is ’n toekoms maal! Die Here sê dan ook in Korintiërs vir ons *elke Nagmaalsviering verkondig die dood van die Here totdat Hy kom.* Die eerste saak klink ontstellend nl. elke keer kom die Here se dood ter sprake. Ontstellend moet dit wees, want ons sondes is ontstellend, die manier waarop die Woord geïgnoreer word of met die Woord gewerk word, is omstellend. Hoe groot is die Here se genade as ons besef aan die ontstellende saak is daardie grootste heerlikheid verbind nl. die Here se koms! Die dood van die Here bring ons deur die Nagmaal heen by die Here se koms! …..*so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.* Ontsteltenis gaan oor in heerlikheid. So werk die Nagmaal. Van die dood na die Here se koms. Van die dood, die lewe. Watter heerlike saak, watter lewe is die Here se koms nie? Nagmaal verkondig die dood, maar ook lewe. Lewe bestaan in saamlewe, daarom moet ons saam Nagmaal vier, in God se samelewing, sy kerk.

Mag ons belydenis ook in hierdie deel, ons huwelik, ons testament met God vasmaak. Mag ons op grond van hierdie belydenis uit die Woord ook by elke Nagmaal wil opstaan met die woorde van een van die twee verlore seuns – Lukas 15:18 – *Ek sal opstaan en na my vader gaan en ek sal vir hom sê: Vader ek het gesondig teen die hemel en voor u.* Hierdie is die seun se belydenis. Het u ’n belydenis wanneer u nagmaal vier? Ken u die belydenis wat ons as kerk se belydenis is. Dan kan die fees begin. Die tekens van brood en wyn is God se genade wat ons eet. Wat is meer eetbaar, meer deel van ons lewe, as God se genade elke dag!? AMEN